# KORRESPONDENSIE

## GEDAGTES EN VRAE RONDOM DIE JOUBERT & BRITS-HANDBOEK VIR STANDERD 10

Geagte Redakteur

Geskiedenisonderwysers verwelkom die kommentaar deur prof. P.H. Kapp en mnr. A.J. Posthuma oor verskeie Geskiedenishandboeke (*Gister en Vandag*, no. 14, September 1987). Dit is jammer dat die boek wat Transvaalse matrikulante gebruik *Geskiedenis vir st. 10* deur C.J. Joubert en J.J. Brits—Perskor 1986), nie ook aan die paneel voorgelê kon word nie. Mens sou graag ook die menings oor dié boek, wat omstrede geword het, wou verneem.

Ter wille van debat wil ek egter my hand waag (hoewel onder 'n skuilnaam) aan enkele los opmerkinge oor veral hoofstuk 8 van die Perskorpublikasie.

Die hoofstuk (p. 339) begin met 'n subopskrif: "Nuwe denkbeelde oor rasseverhoudings tydens Malan se bewind". Hierin verneem ons "het daar in Westerse lande 'n sterk reaksie teen Blanke imperialisme en kleurdiskriminasie ontstaan". Twee vrae kom hieruit na vore:

★ Waarom was daar so 'n reaksie?

★ Was dit net *kleur*-diskriminasie of was dit *rasse*-diskriminasie?

Na my mening sou die skrywers pertinent kon wys op enersyds die goeie gevolge van imperiale betrokkenheid, maar andersyds—en dit is belangrik vir 'n begrip van die "Westerse reaksie"—ook op die negatiewe gevolge van "Blanke imperialisme en kleurdiskriminasie". Vanselfsprekend was dié negatiewe gevolge nie juis in die Blanke lande voelbaar nie—hulle was nie die "slagoffers" daarvan nie. "Westerse reaksie" kan dus in terme van 'n korrektiewe ommekeer verklaar word. Sekerlik het die rassebeleid van rassediskriminasie en rassemeerderwaardigheid van Nazi-Duitsland—ook as bydraende faktor tot die Tweede Wêreldoorlog—ook 'n rol gespeel in die "Westerse reaksie".

Die skrywers meld verder die bestaan van 'n liberale denkrigting wat tydes die Tweede Wêreldoorlog "sterk opgeleef" het. Dan vervolg hulle: "Hy (J.H. Hofmeyr) was nie net gekant teen die segregasiebeleid van Hertzog nie, maar het diskriminasie op grond van kleur veroordeel".

Hieroor die volgende:

- ★ Wat was die "liberale denkrigting"? Hoe sterk was die "oplewing" en by wie? By die regering? Dis tog nie waar nie. Inderdaad het die Smutsregering nog die "konserwatiewe denkrigting" van segregasie gevolg. Ek wil die stelling maak dat tot op daardie tydstip Suid-Afrika nog net die konserwatiewe denkrigting gevolg het—die liberale denkrigting is nog nooit werklik gevolg nie. Die suksesse of mislukkings hiervan kon dus nog nie beoordeel word nie. Aan die ander kant kon Smuts toegee dat die beleid van segregasie nie geslaag het nie—ten spyte van die baie pogings (vgl. Joubert & Brits, p.331). Om dus nou voor te gee—soos die skrywers wel doen—dat die Smutsregering 'n liberale beleid gevolg het, is nie heeltemal juis nie. Terloops, Hertzog het wel die segregasiebeleid gedurende sy premierstydperk deur die parlement geloods, maar na sy bedanking in 1939 was dit steeds VP-beleid.

- ★ Was (is) daar hoegenaamd iets mee verkeerd as Hofmeyr "diskriminasie op grond van kleur veroordeel"? Die skrywers sal moontlik daarmee akkoord gaan dat sodanige diskriminasie wel verkeerd is, maar soos wat dit gestel is, lyk dit asof Joubert en Brits Hofmeyr beskuldig van twee sondes wat hy gepleeg het, nl. (1) teenkanting teen die segregasiebeleid en (2) teenkanting teen kleurdiskriminasie. Is die segregasiebeleid dan gebaseer op diskriminasie op grond van kleur?

Het ons hier met beoordelende of veroordelende geskiedskrywing te make?

Paragraaf 8.1.2 handel oor "Malan se apartheidsbeleid". Die TOD-sillabus oor dié aspek lui soos volg: "Dr. Malan, die apartheidsbeleid, rasseverhoudinge". Joubert en Brits gee op pp. 340-341 'n oorskou van die filosofie van apartheid asook die voortvloeiende wetgewing. Ongelukkig word die filosofie aangebied vanuit die verduideliking van die Nasionale Party alleen. Ter wille van balans sou mens graag ook ander groepe, veral daardie groepe en indiwidue wat apartheid geopponeer het, se standpunte en redes vir teenkanting wou verneem. Te meer sou mens dit wou verneem omdat die sillabus voorsiening maak vir 'n besinning oor *rasseverhoudinge.* Want dit bly 'n akute vraag of die apartheidsbeleid wel tot goeie rasseverhoudings bygedra het. Ons weet dat die beleid wel die posisie van die Blanke verbeter, verskans en beveilig het. Het die ander groepe vir wie apartheid ook ontwerp is, dieselfde bevoorregting geniet? Wat was húl persepsie van die beleid? Hoe het Bruinmense byvoorbeeld die Groepsgebiedewet beleef? Hoe het verskeie belangegroepe se pogings om 'n simpatieke oor by die regering te kry, verloop? Hoe het al dié dinge rasseverhoudings vertroebel of verbeter? Die geskiedskrywing werk mos nie net beskrywend nie, tog ook beoordelend en verduidelikend. Iets wat byvoorbeeld om pertinente verduideliking vra, is: Waarom is Swartmense nie by die ontwerp en propagering van die apartheidsbeleid betrek nie? Dit bly een van die groot vraagstukke van die beleid, nl. dat een groep/party so 'n omvattende herstruktureringsprogram—wat soveel miljoene mense se lewens ten diepste geraak het—van stapel kon stuur sonder veel ernstige raadpleging van alle *betrokke* partye. Mens sou dink leerlinge moet geleer word om histories te *dink*, en nie bloot om saam te stem of te herhaal nie.

Die regeringstydperk van Verwoerd en sy bydrae tot beskouings oor apartheid kom in 8.3 (pp. 345-359) na vore. Hier kom die "argitek van apartheid" ongebreideld na die oppervlak: die stem van iemand wat 'n onwrikbare selfvertroue gehad het en op wie die menings en raad van andere weinig indruk gemaak het. Daar word hoog opgegee oor Verwoerd se siening van Swartes se aspirasies en politieke toekoms—selde word op Swartes se menings oor hul eie verwagtings, ideale en blyplek ag geslaan.

Onder die opskrif "Geleidelike en ordelike ontvoogding" (p. 347) maak Joubert en Brits die volgende waarneming: "Die Westerse moondhede het onder druk van veral die VSA, Rusland en die VV in Afrika ineengestort, hulle uit die kontinent onttrek en die Afrika-inwoner in baie gevalle net aan sy lot oorgelaat." Dit op sigself is één siening, maar terselfdertyd dui dit enersyds op 'n onvermoë om werklik 'n begrip vir Afrikanasionalisme te hê en andersyds op 'n uitgediende paternalisme. Dan vervolg die skrywers: "In teenstelling hiermee was afsonderlike ontwikkeling 'n meer deurdagte beleid." Die kern van die saak, soos ook hierbo gemeld, word egter nie aangeraak nie: die Swartes was merendeels nie te vinde vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie. Feit is dat 'n land soos byvoorbeeld Brittanje na die Tweede Wêreldoorlog self 'n beleid van *geleidelikheid* ("gradualism") en *voogdyskap* gehad het. Die Swartman van Afrika het egter weinig of geen behoefte gehad aan geleidelike onafhanklikheid en selfaangestelde voogde nie. Die Westerse moondhede, en by name Brittanje, het dit maar te goed besef—vandaar hul toekenning van onafhanklikheid aan hul onderskeie Afrikagebiede op datums veel vroeër as oorspronklik geoordeel. Teen dié agtergrond doen dié sinnetjie op p. 346: "Afsonderlike ontwikkeling het met hierdie aspekte (d.w.s. nasionalisme en selfregering) van die Afrikasituasie rekening gehou" effe aanmatigend en ondeurdag voor.

Bladsye 348-355 berig oor "Ekonomiese opheffing van die Swartstate". Die feit dat slegs 13% van die grondgebied van Suid-Afrika afgesonder is vir die ontwikkeling van die Swart gebiede bly iets wat moeilik geregverdig kan word. Leerlinge word egter nie op dié persentasie gewys nie, net na 14,7 miljoen hektaar wat na 15,5 miljoen uitgebrei sou word. Wat die grootte van Blanke grond, of dan "Blank-Suid-Afrika" (soos wat daar na Suid-Afrika buite die Swart gebiede verwys word op onder andere op pp. 348 en 353), is, word ongelukkig nie vermeld nie. Die werklik "ryk" gebiede is egter in die ander 87%—rykdomme daargestel deur Wit én Swart.

Daar word gewys op gunstige reënvalsyfers en 'n sogenaamde produktiewe klimaat vir die Swart gebiede. Tog meld die skrywers "dat net sowat 30% van die bevolking 'n bestaan uit land- en bosbou sou moes maak" (p.350). Hoe belangrik is landbou en selfs reënvalsyfers dan wel? Wat wil die skrywers bereik met 'n vraag soos dié op p.351?: "Vergelyk die ligging van die Swartstate (p.356) met bostaande reënval verspreiding. ... Maak jou eie gevolgtrekking m.b.t. die lewensvatbaarheid van die Swartstate na aanleiding van die reënvalverspreiding."

Heel tereg word op p. 351 gewys op die ontsaglike verskil in landbou-opbrengs tussen Blanke boere en Swart boere. Dit is nie moeilik om dit te verklaar nie. Blanke boere het dekades van bevoorregting ten opsigte van finansiële bystand en dus finansiële groei tot hul beskikking gehad. Kortom, 'n uitgebreide en gevestigde infrastruktuur is tot hul beskikking—so ook betreklik goedkoop Swart arbeid. Aan die ander kant is talle (die meeste?) volwasse mans uit die Swart gebiede aangewese om 'n heenkome in die "Wit" stede te soek (onder die sogenaamde *trekarbeidstelsel).* Hul afwesigheid in hul gebiede van herkoms skep dus ontwikkelingsmatige probleme.

Terloops, leerlinge sal groot baat vind by hoofstuk 1, "Swart Suid-Afrikaners: opkoms en ondergang" van die werk van L. Louw en F. Kendall, *Die oplossing*, Amagipublikasies, 1986. Hierin sal hulle kan lees hoedat 'n eens florerende Swart landbou vanaf die 19de eeu aan bande gelê is vanweë die feit dat dit aan die Blanke boere te groot kompetisie gebied het. Vroeg in die twintigste eeu (deur die *Naturellen Grond Wet* van 1913) is Swartes tot 13% van die land (d.w.s. die Swart reservate) beperk—ook vir hul grondbesit.

Heelwat besonderhede—weliswaar eensydig en selektief—word op p. 355 rekende *onderwys* gegee. Tersaaklike statistiek word verskaf. So verneem leerlinge dat in die tydperk 1970-73 meer as R68 miljoen aan die onderwys van Swartes bestee is. In werklikheid was dit bv. in 1968 R14,40 per Swart leerling, terwyl die ooreenstemmende bedrag ten opsigte van Blanke leerlinge R288,00 was. In 1954 was daar nog nie 'n eie departement vir Swart onderwys soos wat die skrywers

beweer nie—Swart skole sou vanaf dié datum direk onder die destydse departement van Naturellesake ressorteer. Die skepping van drie Swart universiteite het nie in die eerste plek getrag om "hoër onderwys te bevorder" nie. Swart studente het reeds op daardie tydstip hoër onderwys ontvang, maar dan aan sogenaamde Blanke onderwysinrigtings. Die grondliggende rede vir die stigting van sodanige inrigtins was eerder die bevordering van apartheid as die bevordering van hoër onderwys. Argumentshalwe sou die 2 022 studente (1970) goedskiks deur die ander universiteite geabsorbeer kon word. Inderdaad is Swartes se ontevredenheid met hul onderwys as een van die belangrikste redes vir die 1976-Soweto-opstande aangegee. Waarom gee die skrywers nie die indrukke van Swartes ten opsigte van hul beskouinge en belewings oor die onderwys weer nie? Die groot getalle Swart leerlinge—wat nie blyke van die uitvalle gee nie—moet óók gesien word teen "Bantu education may be better than no education" (parafrase uit *Let my people go* deur Albert Luthuli, p. 132). Inderdaad is die sluiting van talle kerkskole as erg traumaties ervaar. Hiermee is volgens sommige leiers 'n einde gemaak aan die Swartman se toegang tot die Westerse geleerdheid en kultuur en 'n begin met "To isolate us and to convince us of our permanent inferiority..." (Luthuli, p. 45).

Ek wil graag afsluit met enkele gedagtes oor die "Reaksie op die Rassebeleid van die Nasionale Party, 1948-1970" (pp. 359-366). Vir beter begrip van Swart verset teen die apartheidswetgewing van die Malan- en opeenvolgende bewinde sou 'n eksplisiete verduideliking van die redes waarom die ANC-leiding einde 1949 "'n nuwe strategie ontwerp (het) wat gebaseer was op massa-optrede, stakings en biokotte" (p. 359) gegee moes word. Soos wat Joubert en Brits die saak hanteer, is die Swartes se reaksie gebore uit "kommunistiese propaganda" en die aanhitsing deur "onrusstokers" en "agitators". Dit is darem baie eensydig en hoogs onhistories. Die oningeligte leser—én die st. 10-leerling—sal wonder waarteen en waarom Swartes hul hoegenaamd verset het. Van hul griewe—gefabriseerd of werklik—word geen melding gemaak nie. Ook word dit nie naastenby bedink dat die apartheidsideologie 'n oorsaak van Swart frustrasie kon wees nie; trouens, die leerling sal by die lees van Joubert en Brits beswaarlik begrip kan hê waarom "die verset teen die apartheidswette toegeneem en ook uitgebrei (het) tot die geledere van die Kleuringe en die Indiërs" (p. 360).

Enkele reëls word ook afgestaan aan "Reaksie teen afsonderlike ontwikkeling uit die NP-geledere" (p. 362). Ongelukkig kry die sogenaamde "verlig-verkramp-stryd" geen aandag nie. Tog was dié stryd, wat reeds in die tydperk van Verwoerd begin het, vel en intens. Stemming is gemaak teen sekere verslappings in die apartheidsbeleid onder premier Vorster. Uiteindelik het dit gelei tot die stigting van die HNP in 1969—die begin van die groot breukspul in 1982 met die totstandkoming van die KP. Kennelik het die Afrikanerdom geleidelik 'n sterker wordende ideologiese dualisme begin openbaar. Dit het vir 'n beduidende hoeveelheid Blanke kiesers duidelik geword dat die apartheidsbeleid nie langer 'n volledige (vreedsame) oplossing vir die Suid-Afrikaanse probleem gebied het nie. Ongelukkig kom hierdie brandpunte nêrens nadruklik na vore nie.

Die skrywers het reeds elders die datum 1970 oorgesteek. Hulle sou dus dieselfde ten opsigte van bostaande aspekte kon doen. Waarom word nie op bv. die mislukkig van die Verteenwoordigende Kleurlingraad gewys en die daaropvolgende aanwysing van die Erica Theronkommissie nie? En die bevindinge en uitvloeisels dáárvan?

Hiermee volstaan ek. Net een laaste vraag: Wil ons ons kinders die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur die oë van Joubert en Brits laat sien, of wil ons hê ons kinders moet 'n meer gebalanseerde en deurdagte beeld van die verlede hê—en dan gebaseer om omvattender, verteenwoordigender en resenter navorsingsresultate en historiografiese studies?

*Klaas Waarzegger Van-de-Wittenerfen-tot-de-Swartenruggens*
*Verre-Transkaap*